Jou Sjiek-Geleentheid Kan Maklik Flop Sonder Plan B

29 Jun 2015 : Burger (Suid Kaap)
AVE: 70196,36
Circulation: 45541,00
Dimensions: w:384 h:264
© DALRO Copyright

Publication: BURGER (Suid Kaap)
Date: 2015-06-29
Page: 17

ADVERTENSIE-ARTIKEL || LOOPBAANONTWIKKELING

Jou sjiek-geleentheid kan maklik flop sonder Plan B

Danie Keet

"Perfeksionis. Jy moet elke skewe kers, mes of stoel kan raaksien en regtrek. Geduld en uithouvermoë is ook belangrik.

So beskryf Aleit Swanepoel, direkteur van die Aleit Groep, een van die land se voorste funksiekoördineringsondernemings, die werk wat hierdie mense doen.

"Wanneer jy al van 03:00 die oggend besig is om die saal reg te kry en seker te maak alles is in plek en die bruid ontwikkel 'n krisis 'n halfuur voor die seremonie, moet jy dit met baie selfvertroue, grasie en 'n groot glimlag kan hanteer."

"Maar jy moet suksesvol op skool presteer het – in ons bedryf is daar nie plek vir swak plekke nie," beskryf hy die belangrikheid van gehalte in hierdie bedryf wat die afgelope paar jaar al byna uit sy nate gebars het.

Nicola Carstens werk al sedert verlede jaar vir die Aleit Groep as troukoördineerder, nadat sy ook haar kursus by die groep se eie akademie op die Lourensford-landgoed in Somerset-Wes voltooi het.

"Ek is 'n mense-mens en ek hou daarvan om gereeld nuwe mense te ontmoet. Ek hou ook van nuwe uitdagings en die feit dat nie een troue of geleentheid dieselfde is nie.

"Ongelukkig is dit so dat my dag dikwels vol gemaak word met e-posse, e-posse, e-posse en administrasie. Tussendeur sien ek kliënte en besoek verskillende venues waarin kliënte belangstel. Ek beplan dan die geleentheid met die inligting wat ek bymekaar gemaak het," vertel sy.

Carstens glo ook dat beplanning die vernaamste aspek van hierdie bedryf is.

"Dit is baie belangrik om altyd 'n Plan B te hê. Bly te alle tye koelkop en kalm. Moet nooit vir die kliënt of bruid en bruidegom wys dat jy stres nie. Vir hulle is dit die mees spesiale dag van hulle lewe.

"Partykeer sukkel jy maar om met nuwe idees vorendag te kom, maar terselfdertyd is dit ook lekker om 'n nuwe uitdaging te hê. Omdat ek my beroep so baie geniet, is daar nie regtig baie frustrerende oomblikke nie. Die grootste uitdaging is wanneer die internet probleme gee. My werk is baie afhanklik daarvan.

"Omdat die kliënt, in my geval die bruidspaar, alle reëlings in jou hande los, rus daar 'n groot verantwoordelikheid op jou. Jy het net een kans om dit reg te doen," sê sy.

Sy glo dat sowel ekstroverte as introverte geleentheidskoördineerders kan wees.

" 'n Kreatiewe en sprankelende persoonlikheid kan beslis tot 'n persoon se voordeel wees, veral as jy 'n uitdagende tema kry.

Die ure is meestal uitdagend, veral as jy van 08:00 die oggend op jou voete is en eers 03:00 die volgende oggend daar uitstap."

Volgens Kerry Damons, van die Boston City Campus, het die kollege 'n diplomakursus ingestel om in die behoefte aan gekwalifiseerde professionele geleentheidsbestuurders en -koördineerders in die mark te voldoen.

"Te oordeel aan die getal geleenthede wat daagliks aangebied word, kan jy sien dat die geleentheidsbestuursbedryf besig is om te floreer," sê sy.

"Daar is soveel verskillende geleenthede soos troues en verjaarsdae. Daar is handelsuitstallings en tentoonstellings, produkbekendstellings, korporatiewe gesellighede, konferensies, modevertonings en musiekkonserte, groot sportgeleenthede, toekenningsaande, netwerksessies, algemene jaarvergaderings – die lys raak net langer en langer.

"Daar is soveel geleenthede wat aangebied word dat ons die jaar kan beplan volgens al hierdie geleenthede, eerder as volgens die dae en maande!" sê sy.

Sy wys daarop dat geleenthede "lewendige" gebeurtenisse is – jy het net een kans om dit reg te doen. "Daar is geen *undo*-knoppie of 'n tweede kans nie."

"Dit is dus belangrik om in goeie opleiding te belê en om tyd te bestee om praktiese ervaring op te doen voordat jy voltyds 'n loopbaan in hierdie bedryf begin."

As jy hou daarvan hou om partytjies of formele geleenthede te reël en 'n fyn oog het vir detail, moet jy dit dalk sterk oorweeg om 'n kursus in geleentheidsbestuur te volg. Jy vind dalk net jou passie. Foto: ALEIT GROEP

> **Dit is belangrik om in goeie opleiding te belê en om tyd te bestee om praktiese ervaring op te doen voordat jy voltyds 'n loopbaan in hierdie bedryf begin.**
>
> — KERRY DAMONS, VAN DIE BOSTON CITY CAMPUS

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission